SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



30 YEARS

**"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."**
**Spreuke 3: 5-6**

# Maandelikse Bybel Bespreking

# Volhard in Christus

Dit is onseker wie die boek Hebreërs geskryf het en watter tipe geskrif dit bedoel was om te wees. Die boodskap van die boek is egter duidelik. Die skrywer verduidelik aan sy lesers dat Jesus Christus se offer (lewe, kruis en opstanding) die ou verbond vervang en God se vergifnis en seën inhou vir elkeen wat glo. Daarom is dit krities belangrik om te volhard in geloof in Jesus Christus.

Die verlede is elkeen van ons se beginpunt. Die hede is ons geleentheid. Die toekoms is ons hoop en vooruitsig. Jesus Christus het gesterf vir elkeen wat glo. Jesus Christus het opgestaan en Sy Gees gegee om ons vandag te lei. Jesus Christus tree in vir elkeen wat lewe met die oog op die dag wanneer ons Hom weer sal sien.

'*Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-uit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is. Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het.*'
*Hebreërs 6:11-12*

André

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Volharding

Ons wil graag hê die Christendom moet groei in getalle en in geloof. Maar ons sien op baie plekke die teendeel. Kerke word leër, lede word ouer en gemeentes word minder. Dit gebeur in die Kerk en gemeentes in Suid Afrika, hier in die Verenigde Koninkryk, asook Amerika. In sommige lande word Christene selfs vervolg en doodgemaak. Daarom word ons soms moedeloos en wil ons opgee, want dit lyk na 'n verlore stryd. Dit lyk asof die seën van die Here nie daar is nie.

Dit lyk ook of dit nie goed gaan met die wêreld nie. Ons lees van oorloë en hoor gereeld van onruste, aardbewings en hongersnood. Dit laat baie mense glo hierdie is tekens dat die einde naby is. Die wêreld kan nie so aangaan nie. Jesus het gesê dis hoe dit sal wees. Ons moet dit nie anders verwag nie. Maar Jesus noem dit die begin van die geboortepyne. Uit hierdie swaarkry en lyding skep die Heer 'n nuwe tyd.

Ons sien iets daarvan in die geskiedenis van Jerusalem. In 70 na Christus is die stad verwoes, en die mense het die wêreld in gevlug en die evangelie saamgeneem. Die tempel is afgebreek en die boodskap van Christus is vrygelaat om 'n boodskap van hoop vir die hele wêreld te word - ook vir ons!

Dit laat ons anders na ons tyd en omstandighede kyk. Dis 'n tyd vol uitdagings vir ons. Dis nie 'n tyd vir rustig agteroor sit in ons Christen-wees nie. Dis 'n tyd van 'n voortdurend feller wordende stryd tussen goed en kwaad; reg en verkeerd; geloof en ongeloof. Ons kan nie net toeskouers of slagoffers wees nie, maar moet stryders wees wat betrokke is by God se saak, Sy Koninkryk en Sy eer. Dit sal moeilik wees, maar die Heer belowe: Wie tot die einde toe volhard, sal gered word.

Die hele wêreld het die evangelie nodig en moet dit van ons hoor. Eers dan is die geskiedenis van die kerk afgehandel. Daarom is dit ons stryd, ons opdrag en ons oproep tot diens. Kom ons volhard tot die einde toe.

(Ds Philip Prinsloo Emeritus — na aanleiding van Markus 13: 3-13)
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE

SPORTDAG EN PIEKNIEK
BYBELVASVRA EN -ETE
GESAMENTLIKE PAASDIENS
‘N AAND SAAM STEPHAN JOUBERT
RESEP VAN DIE MAAND
GEDIG- HALL OF FAME
A VERY IMPORTANT LESSON
ABC LIFE LINE
LET’S LAUGH AWAY OUR STRESS WITH ANTS
MEI INSPIRASIE
KONTAK ONS

# Sportdag en Piekniek

## 18 Mei 2024

## 11 uur



**Kom kuier saam by Kingsbury Water Park,**
**Bodymoor Heath Lane, Marston, B76 0DY**

Daar is gras vir piekniek hou en speletjies en 'n kafee wat kos en drinkgoed verkoop.
Jy kan gaan stap of fietsry.
Daar is 'n paar stap roetes met verskillende afstande- alles gemaklike plat roetes.
Jy kan ook fietse huur - koste vir fietse: £4 vir halfuur tot £30 vir hele dag. (Volwassenes)
Kinders £0.50 tot £27
Parkering is £5 vir die dag.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2024


SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Bybel vasvra








**Bonus – Bybel kosse en plante**

1. Die opgestane Here Jesus het 'n stukkie hiervan "gerooster" geëet.
2. Daniël en sy vriende het hierdie kos ge-eet, eerder as die kos van die paleis.
3. Isak het vir Esau gestuur om hierdie vir hom te bring.
4. 'n Sterk man het hiervan in die karkas van 'n leeu gevind.
5. Die kraaie het dit saam met brood vir Elia gebring.
6. Farao se skinker in die tronk, het gedroom oor hierdie.
7. Abraham het 'n drankie hiervan gebring vir die verkwikking van drie hemelse besoekers.
8. Esau het sy eersgeboortereg verkoop vir 'n bredie hiervan.
9. Mans wat die oorblyfsels hiervan verkoop het, is deur die profeet Amos bestraf.
10. In die woestyn het die Israeliete hierdie vrug van Egipte onthou.



4 Kategorië plus 'n
Bonus rondte

**Quiz Master**



Kategorie 1: Sê wat jy sien.
Kategorie 2: Vrae oor die boek Titus
Kategorie 3: Christenskap en geskiedenis
Kategorie 4: Bybel boeke, karakters en plekke
Bonus rondte: Bybel kosse en plante





**Vraag?**




**Antwoord:**
**Daniël in die leeukuil.**

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Bybel vasvra





Saam dink en bepeins oor die antwoorde...





Lekker eet en kuier

# Bybel vasvra



## Die Spanne:

Die Furious 5
Agter Osse
Die Bokkies
Kwartels






Kategorie 2 – Titus

1. Aan wie word die boek Titus gerig?
2. Wie is die outeur van die boek Titus?
3. Waar was die gemeentes wat in die boek Titus genoem word?





# Bybel vasvra





DID YOU KNOW

**Die Uitslae**
Hartlik geluk aan die Bokkies!
Dit was 'n naelbyt stryd en op die einde het die spanne kop aan kop geeindig.




Vir die wenners en naas wenners.





Kategorie 3:

1.Volgens Efesiërs1, wie is die liggaam van Christus?
2. Hoe oud is SA Gemeente in 2024?
3. Wat is die vierde gebod?

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gesamentlike Paasdiens



Jesus verskyn op pad na Emmaus ~ Lukas 24:13-35













SUIDER NUUS

Volume 2 Uitgawe 12 | SA GEMEENTE - SUIDWYK | 31 Maart 2024

DIE HERE HET OPGESTAAN!

**SONDAG IN GUILDFORD: "DIE BELANGRIKSTE DAG IN DIE WÊRELD SE GESKIEDENIS"**

Kom kuier saam in Guildford hierdie Sondag as ons Paasfees vier as SA GEMEENTE.

Jy kan ook Sondag se preek aanlyn HIER kry.

**SUIDER NUUS EN SEBCAST VAT 'N VERPOSING**

Neem kennis dat ons vir twee weke 'n blaaskans vat met die **SebCast** en **Suider Nuus**.

Ons is weer terug op 14 April met 'n klompie nuwe en opwindende materiaal.

**TIENER EN KINDERBEDIENING**

Sondagoggend in GUILDFORD is daar **GEEN** tiener of kinderkerk nie. Almal is saam in die erediens.

**14 April is die Kinderkerk terug en 21 April begin die tieners weer "ONLINE".**

" He is not here; He has risen, just as He said."
Matthew 28:6

HE IS RISEN

# SA GEMEENTE
## SA CONGREGATION



Gemeente lede van London-, Maidstone-, Middellande-, Loughton en Guildford wyke vier saam die Paasfees by Kings College, Guildford



320 Gemeente lede sing die "Onse Vader" gebed saam om Opstanding Sondag mee af te sluit.

Kyk hier na die video
**https://fb.watch/rk-9f1ZVFI/**



SA Gemeente is vanjaar 30 jaar oud, en almal eet heerlik saam aan die heerlike koek.








# Stem van God- saam Stephan Joubert



*Stephan Joubert deel sy kennis met ons. Wat 'n voorreg om saam te kuier in die pragtige St Mary's kerk in Theydon Bois.*









Prof Stephan Joubert saam met die 3 Dominees- Dr Rian Steyn, Ds Andre Harmzen en Dr Sebastiaan van Dyk.



'n Wonderlike voorreg om tyd saam Prof. Stephan Joubert te spandeer.

# Resep van die Maand

## Kerrievis

Vis keuses vir UK - Cod of Hake
2 kg vis
sonneblomolie vir vlakbraai
3 groot uie, ringe gesny
2 eetl mielieblom (corn flour)
Kerriesous:
2 k bruin asyn
1 k bruin suiker
1 k water
2 eetl appelkoos konfyt
2 huisies knoffel, fyngedruk
2 tl vars gemmer, fyngedruk
2 - 3 eetl kerriepoeier
2 tl rooi Masala
2 eetl borrie
1 eetl swart peperkorrels
2 tl sout
1 eetl koljander saad (coriander)
5 lourierblare
1 k Koekmeel om vis mee te "coat"



Metode:
Was en sny die vis in kleinerige hap grootte porsies.
Geur meel met sout en peper en "coat" vis albei kante.
Braai die visporsies in warm olie vir omtrent 4 minute aan elke kant, tot net gaar.
Voeg al die kerriesous bestanddele in 'n groot kastrol en bring stadig tot kookpunt, roer die suiker tot opgelos.
Voeg rou uieringe by, verlaag die hitte en bedek met deksel, prut vir 10 minute.
Pak die vis en uie in lae in 'n glashouer met deksel.
Meng die mielieblom met 'n bietjie water en roer by die sous, kook tot die sous effens verdik.
Giet die sous warm oor die vis en laat dit afkoel, plaas in die yskas.
Laat staan die vis vir omtrent 2-3 dae om die geur te ontwikkel voor opdiening.
Bedien met vars brood en botter.

*Baie dankie Ricka Best dat jy jou staatmaker resep met ons gedeel het!*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# God’s Hall of Fame

Poem by Walt Huntley
In Passion of the Christ adapted by Jim Caviezel

Your Name may not appear down here,
In this world's hall of fame.
You may be so unknown,
That no one knows your name.

The Oscars and praise of man,
May never come your way.
But don't forget that God has rewards,
That He'll hand out someday.

This crowd on earth, they will
Soon forget when you're not at the top.
They will cheer like mad until you fall,
And then their praise will stop, not God.

He never does forget,
And in His hall of fame,
By just believing in His Son,
Forever there's your name.


I tell you, friend, I wouldn't trade
My name, however small,
That's written there beyond the stars,
In that celestial hall.

For all the famous names on earth,
Or that glory that they share,
I'd rather be an unknown here,
And have my name up there.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# A very important lesson!



One day a school teacher wrote the following:

9x1= 7
9x2=18
9x3=27
9x4=36
9x5=45
9x6=54
9x7=63
9x8=72
9x9=81
9x10=90

When she was done, she looked to the students and they were all laughing at her, because of the first equation, which was wrong. And then the teacher said the following:

"I wrote that first one wrong on purpose, because I wanted you to learn something important. This was for you to know how the world out there will treat you. You can see that I wrote the RIGHT answer 9 times, but none of you congratulated me for it. But you all laughed and criticized me because of one wrong thing I did."

The lesson:

*The world will never appreciate the good you do a million times, but will criticize the one thing you do... don't get discouraged.*
*ALWAYS RISE ABOVE ALL THE LAUGHTER AND CRITICISM. STAY STRONG.*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# ABC Life line

Graig Groeschel - Instagram

## God has a lifeline with every letter of the alphabet.
## What can God do?

- **A** — Answers your prayers.
- **B** — Blesses you abundantly.
- **C** — Comforts you when you're hurting.
- **D** — Delivers you from evil
- **E** — Empowers you to do His will.
- **F** — Forgives all your sins.
- **G** — Gives you your daily bread.
- **H** — Heals you when you're sick.
- **I** — Illuminates your path.
- **J** — Justifies you by His grace.
- **K** — Keep you from stumbling.
- **L** — Loves you no matter what.
- **M** — Moves your mountains.
- **N** — Never leaves or forsakes you.
- **O** — Overcomes your enemies.
- **P** — Provides for all your needs.
- **Q** — Quiets your darkest fears.
- **R** — Restores what you lost.
- **S** — Strengthens you when you're weak.
- **T** — Transforms your life.
- **U** — Understands your pain.
- **V** — Vanquishes your darkness.
- **W** — Works all things for your good.
- **X** — eXtends your grace.
- **Y** — Yearns for all of your heart
- **Z** — Zealously pursues you.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2024

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Let's laugh away our stress with Ants....

1. 5 ants + 5 ants = Tenants
2. To bring an ant from another country into your country = Important
3. Ant that goes to school = Brilliant
4. Ant that is looking for a job = Applicant
5. A spy ant = Informant
6. A very little ant = Infant
7. An ant that uses a gun = Militant
8. An ant that is a specialist = Consultant
9. A proud ant = Arrogant
10. An ant that is cruel and oppressive = Tyrant
11. An ant that is friendly and lovely = Coolant
12. An ant that has changed from evil to good deeds = Repentant
13. An ant that isn't willing = Reluctant
14. An ant that keeps financial account = Accountant
15. An ant that occupies a flat = Occupant
16. A huge ant = Giant
17. An ant that is important = Significant
18. An ant that has big legs = Elephant
19. An extremely fast ant = Instant
20. An ant that doesn't keep moving = Constant
21. A dirty ant = Pollutant
22. An ant that annoys = Irritant
23. An ant that can take anything without complaining= Tolerant
24. An ant that wastes resources= Extravagant
25. An ant that maintains good odour = Deodorant
26. An ant that finds it hard to move = adamant
27. An ant that refused to move = Redundant
28. An ant that is into business = Merchant
29. A Political ant = Aspirant
30. An ant that sues someone to court= Complainant
31. A happy ant = Jubilant
32. An ant that is patient - tolerant
33. An ant that doesn't agree easily - reluctant

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

5 MEI EREDIENS 10 UUR

12 MEI HUISKERK 9 UUR

19 MEI EREDIENS 10 UUR

26 MEI HUISKERK 9 UUR

## Mei Inspirasie




## Bid saam:

Dear God,
You know my every prayer and need.
But what I want most-
is to know
Your will and Your plan in my life.
Amen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen




Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com


**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

# Kontak Helena




Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com


(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MEI 2024